

7 M A A R T 2 0 1 9

Jesaja 35:10: #Blydskap

“En die losgekooptes van die Here sal teruggaan en na Sion kom met gejubel en ewige vreugde sal op hulle hoof wees. Vreugde en blydskap sal hulle verkry, maar kommer en gesug vlug weg.”

Telke maal, wanneer Israel ongehoorsaam was, dan het God Sy volk gedissiplineer en dan het Hy ‘n nasie gebruik om teen Israel te veg en hul soms te oorweldig om hulle as gevangenes weg te voer. Hulle was somtyds so hardkoppig dat God hulle vir ‘n tyd in ballingskap laat gaan het. En tog, omdat God ‘n behae het in Sy volk wat Hy uit verkies het, stuur Hy weer profete om hulle te bemoedig, om nie moed te verloor nie te midde van hulle omstandighede.

Jesaja hoofstuk 35 spreek van die grootheid en heerlikheid van die regering van die Messias. Daarom sê Jesaja 35:3 “Versterk die slap hande en maak die struikelende knieë vas.” Vers 4 verklaar: “Sê aan die wat vervaard is van hart: wees sterk wees nie bevrees nie! Kyk, julle God kom met wraak met goddelike vergelding: Hy self sal kom en julle verlos.”

Die Engelse koordigter sê: “What a day of rejoicing it will be; when we all see Jesus...” Wat ‘n heerlike dag sal dit nie wees nie, wanneer ons los en vrygemaak is van die kettings waarmee die vyand ons gebind het nie. Jesaja 35:10 sê: “En die losgekooptes van die Here sal teruggaan en na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydskap sal hulle verkry.” God self sal kom om hulle los te maak van al die bindinge waarmee die mens gebind is want dit demp die blydskap. Daarom sê Jesaja 35: 6 “Dan sal die lamme spring soos ‘n takbok en die tong van die stomme sal jubel...” Want die blydskap in die Here laat wonders geskied.

Vrede / Shalom.

